Die Voortrekkers

21-08-2017

AAN: Alle Voortrekkers

Die KAN dokument word tydens die afgelope kongres in geheel aanvaar as rigtinggewende dokument vir die volgende termyn 2017 -2021 en dat die onderstaande spesifiek uitgelig word:
(Beskikbaar by http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Gebeurtenisse > Kongres > 2017)

Die Wese

Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.

Doelstellings

Die Voortrekkers is daartoe verbind om:

1. ons geloof in God Drie-enig in al ons Voortrekkeraktiwiteite te bevestig.
2. as moderne Afrikaners ons taal, kultuur en erfenis met trots te bevorder.
3. as positiewe burgers opbouend betrokke te wees by ons gemeenskap, land en kontinent.
4. as konsekwente Christene deur ons woorde en dade te getuig.
5. diensbaar in ons omgewing te wees.

Voortrekkerkode

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker se woord is sy eer.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam.
4. 'n Voortrekker leef met respek.
5. 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
6. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
7. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensbaar.

POSBUS 12015
QUEENSWOOD
0121

012 - 329 6011
086 613 9913
hkvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

PIERNEEFSTRAAT 901
VILLIERIA
0186

Hoofleier Danie Langner, Hoofsekretaris Corlia Botha,
Adjunkhoofleiers: Jan van Heerden, Karin Stoffberg,
Johan Laubscher, Elizma Smith

Prioriteite vir die Hoofbestuurstermyn 2017-2021

1. Die voortgesette belyning en ontwikkeling van die Voortrekkerloopbaan deur middel van karakter-leierskap -en vaardigheidsontwikkeling op so wyse dat die Voortrekkerloopbaan as ons belangrikste kulturele bate steeds relevant vir die moderne jeuglid bly.
2. Om die Voortrekkers as 'n tuiskomplek vir gesinne te vestig.
3. Om Voortrekkers as diensbare kultuurleiers in gemeenskappe te ontwikkel ten einde:
   - netwerke van Voortrekkervriende te ontwikkel en effektief te benut.
   - positiewe Christelike samelewingswaardes te help vestig
   - gemeenskapsinstellings te versterk deur die ondersteuning van kerke, skole en kultuur-organisasies se projekte.
4. Om spoedeisend en indringend 'n omvattende ondersoek na die organisatoriese-, korporatiewe- en finansiële herstrukturering van Die Voortrekkers te loods, en te implementeer, ten einde:
   - Voortrekkers bekostigbaar vir alle lede aan te bied.
   - Volhoubare voortbestaan van die organisasie te verseker.
   - Plattelandse gebiede beter finansieel te ondersteun.
   - Effektiewe en belynde korporatiewe stelsels en lede-kommunikasie in plek te plaas.
   - Koste effektiewe funksionering van die Hoofbestuur te bewerkstellig.
   - Kundigheid van Voortrekkers wat nie op besture dien nie op nasionale en gebiedsvlak meer effektief te benut.
   - Groter inspraak, eienaarskap en die ontsluiting van leierskappotensiaal deur desentralisasie te bewerkstellig.

Gesinsbeleid

1. Die Voortrekkers glo dat godsdiens en 'n lewe gegrondves op die Woord van God die fondament van die huisgesin is.
2. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin een van die vernaamste ankers in die behoud van ons kultuur, taal en tradisies is.
3. Die Voortrekkers glo dat die gesinslewe die vernaamste terrein is waar die beginsels van diens en diensbaarheid uitgeleef kan word.
4. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin die ideale Voortrekkerspan is waar die ideale en doelstellings van die beweging elke dag nagestreef kan word.
5. Die Voortrekkers glo dat die belangrikste en blywendste stene in die gebou van 'n mooi en kerngesonde karakter in die huisgesin gelê word.
6. Die Voortrekkers glo dat liefde en onderlinge vertroue die bindende krag van die huisgesin is.
7. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin die vernaamste terrein is om aan mense te leer dat hulle nie alleen regte en voorregte het nie, maar veral ook pligte en verantwoordelikhede wat hulle moet nakom teenoor mekaar, teenoor hulle kultuur, land en Skepper.
8. Die Voortrekkers glo dat ouers die stewige ankers vir hul kinders in die huisgesin is en dat hulle daarvoor geëer, gerespekteer en liefgehê moet word.
9. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin die kern van 'n gelukkige en betrokke gemeenskap is.
10. Die Voortrekkers glo dat die huisgesin moet saam werk, saam speel, saam staan, saam lag, saam treur, saam streef, saam glo, saam dien en saam aanbid en dan ook saam moet Koers Hou!

VOORTREKKERS IS 'N GESINSAAK!